Agri Securitas Trustfonds
Agri Securitas Trust Fund

Agri SA Jaarverslag 2013 | 2014

PROJEK
PROJECT

Agri SA Annual Report 2013 | 2014

Home of the South African farmer • Likhaya lomlimi waseNingizimu Afrika • Tuiste van die Suid-Afrikaanse boer • Lehae la balimi ba Afrika Borwa

Die Raad van die Agri Securitas Trustfonds staan onder leiding van Japie Grobler, wat as voorsitter dien. Kobus Visser is die ondersteunende funksionaris.

Inleiding

Daar is velerlei redes en omstandighede wat aanleiding gee tot plaasmisdaad en -aanvalle. Dit is 'n veelvlakkige uitdaging om dié probleem te bekamp en sodoende landelike Suid-Afrika in staat te stel om volgens sy potensiaal te presteer. Die Agri Securitas Trustfonds is daarop gerig om aanvullende finansiële hulpmiddele aan boerderygemeenskappe beskikbaar te stel, waardeur hulle hul eie veiligheid kan verbeter, asook dié van ander gemeenskappe wat in die gebied woonagtig is.

'n Belangrike aspek met die oorweging van befondsing van projekte is die samewerking wat tussen die plaaslike gemeenskap en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) bestaan. Alle projekte wat ondersteun word, moet ook binne die wetlike en institusionele raamwerk bedryf word. Aangesien die Trustfonds nie oor uitvoerende kapasiteit beskik nie, voer hy deurgaans sy mandaat uit deur middel van ander organisasies, soos byvoorbeeld boereverenigings.

Ontstaan van die Trustfonds

Die Trustfonds is ná die Spitsberaad oor Plattelandse Veiligheid op 10 Oktober 1998 deur Agri SA in die lewe geroep om 'n bydrae te maak tot die bevordering van landelike veiligheid. Die Trustfonds bly daartoe verbind om met 'n positiewe gesindheid en konstruktiewe optrede 'n veilige en welvarende landboubedryf in Suid-Afrika te bevorder.

Trustakte

Die Trustakte maak voorsiening vir 'n Raad van Trustees wat uit nie meer as 12 lede mag bestaan nie. As 'n algemene riglyn by die aanstelling van trustees, handhaaf die raad die beginsel dat sodanige trustee se huidige professionele werkstatus in ag geneem word.

André Botha het gedurende die verslagjaar as Trusteelid bedank. Japie Grobler is onbestrede verkies as voorsitter vir 'n verdere termyn van drie jaar.

Finansiële verslagdoening

Die Trustfonds het 'n ongekwalifiseerde verslag van sy ouditeure ontvang en die finansiële state is volgens die Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk opgestel. Dit verteenwoordig 'n getroue en redelike weergawe van die finansiële stand van die Trustfonds.

Die Raad is verantwoordelik vir die inhoud en integriteit van die jaarlikse finansiële state en finansiële inligting. Die Ouditkomitee onder voorsitterskap van Dr Chris Wentzel het hom vergewis dat die Trustfonds as 'n lopende onderneming kan voortgaan deurdat dit oor voldoende middele beskik om sy bedrywighede in die

Japie Grobler

Die Agri Securitas Trustfonds is daarop gerig om aanvullende finansiële hulpmiddele aan boerderygemeenskappe beskikbaar te stel, waardeur hulle hul eie veiligheid kan verbeter, asook dié van ander gemeenskappe.

The Agri Securitas Trust Fund aims to make supplementary financial resources available to the farming community so that they can improve their own safety as well as the safety of other communities.

The Agri Securitas Trust Fund board of trustees is chaired by Japie Grobler, with Kobus Visser as functionary.

Introduction

There are various factors and circumstances that lead to farm crime and attacks. It is a challenge at many levels to address these problems and so-doing enable rural South Africa to perform to its full potential. The Agri Securitas Trust Fund aims to make supplementary financial resources available to the farming community so that they can improve their own safety as well as the safety of other communities living in the area.

An important aspect when considering the funding of projects is the co-operation that exists between the local community and the South African Police Service (SAPS). All projects that are supported must also be implemented within the statutory and institutional framework. Since the Trust Fund does not have executive capacity, it fulfils its mandate via other organisations, for example farmer associations.

Inception of the Trust Fund

The Trust Fund was founded by Agri SA after the Rural Safety Summit held on 10 October 1998 in order to make contributions towards promoting rural safety. The Trust Fund remains committed to promoting a safe and prosperous agricultural industry in South Africa by way of a positive attitude and constructive actions.

Trust deed

The trust deed makes provision for a Board of Trustees consisting of no more than 12 members. As a general guideline when appointing trustees, the board applies the principle that such trustees' current professional status should be taken into account.

During the report year, André Botha resigned as member of the board and Japie Grobler was elected unopposed as chairman for a further term of three years.

Financial reporting

The Trust Fund received an unqualified report from the auditors and its financial statements had been compiled in accordance with the South African Statements of Generally Accepted Accounting Practice. The financial statements also represent a true and fair reflection of the financial status of the Trust Fund.

The board is responsible for the content and integrity of the annual financial statements and financial information. The Audit Committee, chaired by Dr Chris Wentzel, found that the Trust Fund could continue operating as a going concern in that it had sufficient resources to do so. The board is responsible for the approval of the financial statements and had expressed its appreciation for the good work performed by the Audit Committee.

toekoms voort te sit. Die Raad is verantwoordelik vir die goedkeuring van die state en het sy waardering uitgespreek vir die goeie werk wat die Ouditkomitee doen.

Projekte deur die Trustfonds gefinansier

Die Trustfonds was sedert sy ontstaan in 1999 by die finansiering van verskeie projekte betrokke, wat die volgende insluit: voorsiening van radio-kommunikasiestelsels, oprigting van valhekke, verskaffing van landelikebeveiligingstoerusting, befondsing van navorsing oor motiewe vir plaasaanvalle, ondersteuning aan 'n inligtingsinsamelingsdiens waardeur plaasaanvalle proaktief bekamp word en traumaberading. Gedurende die verslagtydperk het die Trustfonds die volgende projekte finansieel ondersteun:

NASIONAAL

Reformanda Beradingsdiens: Reformanda Beradingsdienste is vir die afgelope sewe jaar aktief betrokke by die verskaffing van landwye beradingsdienste aan landbougemeenskappe. Individuele beradingsessies vind ook plaas ná afloop van werkwinkels.

Daar word telkemale dank uitgespreek teenoor die Trustfonds vir die finansiële ondersteuning, asook teenoor Agri SA vir die inisiatief wat geneem word om die landbougemeenskap te bemagtig om self hul trauma te kan verwerk. Die sukses van die traumawerkwinkels is daarin geleë dat landbougemeenskappe wat nie altyd naby ondersteunende dienste is om hul emosionele probleme aandag te gee nie, nou van die dienste van Reformanda gebruik kan maak.

Agri SA se Beleidskomitee vir Landelike Veiligheid: Agri SA se beleidsoptrede is daarop gemik om die sosiaal-maatskaplike posisie van betrokkenes te verbeter en om die veiligheidsituasie van boere te bevorder. Hierdie ideaal kan slegs verwesenlik word indien omstandighede, insluitend die veiligheidsomgewing, bevorderlik is vir die daarstelling van 'n winsgewende en veilige landbousektor.

Die komitee se beleidsoptrede is daarop gemik om 'n bydrae te lewer tot die vestiging van 'n beleidsomgewing waarbinne landelike veiligheid bevorder kan word. Die Trustfonds maak 'n oorhoofse finansiële bydrae tot die funksionering van die werksaamhede van die komitee.

Agri SA se Transformasie Beleidskomitee: Agri SA het 'n verantwoordelikheid om sy insette op die gebied van transformasie te verbreed. Dit is nie slegs noodsaaklik, uit 'n politieke, ekonomiese en maatskaplike oogpunt nie, maar ook omdat Agri SA se affiliasies – en veral bedryfsorganisasies – betekenisvolle deelname van swart boere in hul ledebasisse het. Sodanige boere kan regmatig aanspraak maak op deelname aan strukture op nasionale vlak. In praktyk vervul Agri SA se Transformasie Beleidskomitee en die Geïntegreerde Boereforum hierdie funksie. Die Trustfonds maak 'n gedeeltelike bydrae tot hierdie inisiatief van Agri SA, waar daar onder meer ook gepoog word om persepsies te verander en sodoende 'n positiewe beeld van kommersiële landbou by die verbruiker en die algemene publiek te vestig.

Projects financed by the Trust Fund

The Trust Fund has since its inception in 1999 been involved in various projects, including the following: the provision of radio communication systems; erection of booms; the provision of rural protection equipment; funding of research regarding the motives behind farm attacks; support for an information-gathering service whereby farm attacks are proactively curbed; as well as trauma counselling. During the report year the Trust Fund assisted the following projects financially:

NATIONAL

Reformanda Counselling Service: Reformanda Counselling Services has for the past seven years been actively involved in providing counselling to agricultural communities. Individual counselling sessions are also offered after the trauma workshops.

The Trust Fund has been repeatedly thanked for the financial assistance it provides in this regard, as has Agri SA for taking the initiative to empower the farming community to deal with their trauma. The success of the trauma workshops is due to the fact that agricultural communities, which are not always located near support services to address their emotional problems, can now make use of Reformanda's services within their own areas.

Agri SA's Rural Safety Policy Committee: Agri SA's policy actions are aimed at improving the social position of those involved and to enhance the safety of farmers. This ideal can only be realised if circumstances, including the security environment, are conducive to creating a profitable and safe agricultural sector.

The committee's policy actions are intended to contribute to the creation of a policy environment within which rural safety can be promoted. The Trust Fund makes an overarching financial contribution to the activities of the Committee.

Agri SA's Transformation Policy Committee: Agri SA has a responsibility to broaden its inputs in terms of transformation. This is not only imperative from a political, economic and social point of view, but also necessary in that Agri SA's affiliates – especially commodity organisations – have significant participation by black farmers in their databases. Such farmers can rightfully insist on participation in structures at national level. In practice, Agri SA's Transformation Policy Committee and the Integrated Farmers' Forum fulfil this function. The Trust Fund makes a partial contribution to this initiative of Agri SA, also in an attempt to change perceptions and so-doing create a positive image of commercial agriculture among consumers and the public at large.

FREE STATE

The following projects were supported financially in the province:

- Free State Agriculture: Information-gathering service;

VRYSTAAT

In die provinsie is die volgende projekte finansieel ondersteun:

- Vrystaat Landbou: Inligtingsinsamelingsinisiatief;
- Winburg Distrikslandbouvereniging: Verskaf sensor-kameras;
- Koppieskraal Landbouvereniging: Oprigting van herhaler;
- Phillippolis Landbouvereniging: Oprigting van herhaler; en
- Tweeling Boerevereniging: Verskaf handradio's en nagsigtoerusting.

NOORD-KAAP

In die provinsie is die volgende projek finansieel ondersteun:

- Sonop Boerevereniging: Oprigting van herhaler en verskaffing van handradio's.

MPUMALANGA

In die provinsie is die volgende projek finansieel ondersteun:

- Platrand Boerevereniging: Installering van 'n alarmmodem om huis-alarms te monitor.

LIMPOPO

In die provinsie is die volgende projek finansieel ondersteun:

- Agri Lephalale: Oprigting van herhalers.

NOORDWES

In die provinsie is die volgende projek finansieel ondersteun:

- Agri Marico Bosveld: Verskaffing van nagsigtoerusting.

Prestige/OFM Sportaand

OFM en die onderskeie borge van dié geleentheid het besluit om nie die funksie gedurende die verslagtydperk aan te bied nie. Die besluit is geneem teen die agtergrond van die groot belangstelling in die funksie en dat 'n groot genoeg lokaal nie gevind kon word om dit aan te bied nie. Dit word beplan om wel die funksie gedurende Oktober 2014 in Pretoria aan te bied.

Landboujoernalis van die Jaar-wenner

Dié joernalistieke kompetisie, wat in samewerking met Landbouskrywers SA aangebied word en deur die Trustfonds ondersteun word, gee erkenning aan joernalistieke werk wat die beeld van kommersiële landbou en -boere bevorder en daardeur strewe om wanpersepsies by die breër gemeenskap oor die landbousektor te verander.

Met haar inskrywing Living Land, Reeks 5, episode 36, Recapitalisation, wat op SABC 2 in Sotho uitgesaai is, is Marti Willemse aangewys as die wenner van die Landbouskrywers SA se joernalistieke kompetisie. Sy het goed daarin geslaag om die bydrae van Graan SA en kommersiële boere tot die ontwikkeling van swart graanboere uit te beeld en sodoende die beeld van kommersiële landbou te bevorder.

Die kompetisie bestaan sedert 2010 en die wenners van die kompetisie was:

Agri SA se Landelike Beveiligingskomitee: Agri SA se beleidsoptrede is daarop gemik om die sosiaal-maatskaplike posisie van betrokkenes te verbeter en om die veiligheidsituasie van boere te bevorder

- Winburg District Agricultural Association: Provision of cameras;
- Koppieskraal Agricultural Association: Installation of repeater;
- Phillippolis Agricultural Association: Installation of repeater; and
- Tweeling Farmers' Association: Provision of hand-held radios and night vision equipment.

NORTHERN CAPE

The following project in the province was supported financially:

- Sonop Farmers' Association: Installation of repeater and provision of hand-held radios.

MPUMALANGA

The following project in the province was supported financially:

- Platrand Farmers' Association: Installation of alarm modem to monitor house alarms.

LIMPOPO

The following project in the province was supported financially:

- Agri Lephalale: Installation of repeater.

NORTH WEST

The following project in the province was supported financially:

- Agri Marico Bosveld: Provision of night vision equipment.

Prestige/OFM Sports evening

OFM and the respective sponsors of the occasion decided not to host the function during the report year. The decision was made against the background of the huge interest in the function and the fact that a large enough venue could not be found to accommodate the guests. They do, however plan to host the function during October 2014 in Pretoria.

Agricultural Journalist of the Year winner announced

The journalism competition, hosted in conjunction with Agricultural Writers SA and supported by the Trust Fund, recognised journalistic work that promotes the image of farmers and commercial agriculture and so-doing strives to change the misperceptions that the broader community have about the agricultural sector.

With her entry Living Land, Series 5, episode 36, Recapitalisation, which was broadcast on SABC 2 in Sotho, Marti Willemse was named winner of Agricultural Writers SA's journalism competition. She succeeded in depicting the contribution that Grain SA and commercial farmers made to the development of black grain producers and so-doing promoted the image of commercial agriculture.

The competition has been held since 2010 and the winners were as follows:

- 2010 Liza Bohlmann (Dairy Mail)
- 2011 Lindi van Rooyen (Farmer's Weekly)
- 2012 Denene Erasmus (Farmer's Weekly)
- 2013 Marti Willemse (No-line Produksies)

Agri Securitas-gholfdae

Een van die wyses waarop fondse vir die Trustfonds ingesamel word, is die aanbied van gholfdae. Gedurende die verslagjaar is die volgende gholfdae in samewerking met landbou-ondernemings aangebied:

- 4 Junie 2013: NWK-gholfdag
- 17 Oktober 2013: GWK-gholfdag
- 31 Oktober 2013: AFGRI-gholfdag

Die Raad spreek sy waardering uit teenoor dié landbou-ondernemings vir hulle betrokkenheid as hoofborge van die onderskeie dae.

Projek Suiderkruis

Projek Suiderkruis het op 30 November 2013 afgeskop en op 4 Januarie 2014 in Alexanderbaai geëindig. Die finansiële ondersteuning wat die projek ontvang het, was teleurstellend en bykans geen ondersteuning is ontvang nie met die lewering van graan op 'n spesifieke rekening by verskeie landboubesighede ten bate van die projek. Die Raad het goedgekeur dat die fondsinsamelingsgedeelte kan voortgaan tot ná afloop van die huidige somergraan-oesseisoen.

'n Aand saam met legendes

Springbok-rugbylegendes Gary Teichmann, wat in 42 toetse vir die Springbokke gespeel het, en Stefan Terblanche, 37 toetse, was die gasspreker en seremoniemeester tydens 'n galafunksie wat op 28 Mei 2014 in Pietermaritzburg gehou is en saamgeval het met die

- 2010 Liza Bohlmann (Dairy Mail)
- 2011 Lindi van Rooyen (Farmer's Weekly)
- 2012 Denene Erasmus (Farmer's Weekly)
- 2013 Marti Willemse (No-line Productions)

Agri Securitas golf days

One of the ways in which funds are raised for the Trust is to host golf days. During the report year the following golf days were held in collaboration with agribusinesses:

- 4 June 2013: NWK golf day
- 17 October 2013: GWK golf day
- 31 October 2013: AFGRI golf day

The board expressed its appreciation to agribusiness for their involvement as principal sponsors of the respective events.

Project Southern Cross

Project Southern Cross kicked off on 30 November 2013 and ended on 4 January 2014 in Alexander Bay. The financial support that the project received was disappointing. Virtually no support was received in the form of grain deliveries on a specific account at various

Royal-skou. Nagenoeg 240 gaste het die geleentheid bygewoon, wat gedien het as 'n fondsinsamelingsgeleentheid vir die Agri Securitas Trustfonds.

Teichman het gepraat oor leierskap in die sakewêreld en dit in verband gebring met leierskap in sport, terwyl Terblanche op 'n unieke manier die gaste getrakteer het met staaltjies uit sy rugbyloopbaan.

Johannes Möller, president van Agri SA, het gepraat oor die rol wat dié organisasie in landelike veiligheid speel en gesê dat Agri SA se primêre rol is om beleid daar te stel om 'n veiliger landelike gebied te help vestig. Op sy beurt het Japie Grobler, voorsitter van die Trustfonds, 'n kort oorsig gegee oor die werksaamhede van die Trustfonds en watter bydraes daar reeds gemaak is om boerderygemeenskappe te help beveilig. Hy het voorts gesê dat die Trustfonds daartoe verbind is om met konstruktiewe optrede te werk vir 'n veiliger landelike gebied.

Die Trustfonds spreek sy waardering uit teenoor Nissan SA as hoofborg van die funksie en Sanlam as medeborg.

Die Trustfonds se vennote

Sanlam, Vodacom, Nissan SA en CrisisOnCall is die vennote van die Trustfonds wat op 'n deurlopende basis finansiële bydraes tot die fonds maak. Hierdie strategiese vennootskappe stel die Trustfonds in staat om voort te gaan om sy rol in landelike veiligheid te speel en daardeur op 'n pro-aktiewe wyse 'n bydrae te maak tot die beveiliging van die boeregemeenskap. Die Trustfonds het besondere waardering en maak graag melding van hierdie maatskappye se meelewing en voortgesette betrokkenheid by die veiligheid van die boeregemeenskap, asook hul finansiële ondersteuning en volgehoue betrokkenheid by die fonds.

The Trust Fund has great appreciation for and would like to mention these companies' empathy with and continued involvement in the safety of the farming community, as well as for their financial support and ongoing involvement in the Trust Fund.

agribusinesses to the benefit of the project. The board gave its approval for the fundraising part to continue after the current summer grain harvesting season.

An evening with legends

Springbok rugby legends Gary Teichmann, who had played 42 tests, and Stefan Terblanche who had played 37 for the Springbok team, served as guest speaker and master of ceremonies respectively at a gala function held in Pietermaritzburg on 28 May 2014. This event coincided with the Royal Show. Approximately 240 guests attended the function, which also served as a fundraising event for the Agri Securitas Trust Fund.

Teichman spoke about leadership in the business world and compared it to leadership in sport, while Terblanche, in his unique way, entertained the guests with anecdotes from his rugby career.

Agri SA President, Johannes Möller, spoke about the role that Agri SA plays in rural safety and said the organisation's primary role was to create policy to help ensure safer rural areas. Japie Grobler, who chairs the Trust Fund, provided a brief overview of the Fund's activities and listed the contributions that it had already made to protect farming communities. He said the Trust Fund was committed to striving for safer rural areas through constructive action.

The Trust Fund expressed its appreciation to Nissan SA as principal sponsor and Sanlam as co-sponsor of the function.

The Trust Fund's partners

Sanlam, Vodacom, Nissan SA and CrisisOnCall are partners of the Trust Fund andon a continuous basis, make financial contributions to the fund. These strategic partnerships enable the Trust Fund to continue playing its role in rural safety and in the process contribute proactively to the protection of the farming community. The Trust Fund has great appreciation for and would like to mention these companies' empathy with and continued involvement in the safety of the farming community, as well as for their financial support and ongoing involvement in the Fund.